# Titaniumliefde

Lees Joh 13:31-35

**Wat is liefde?**
*"Wat beteken liefde?"* toe hierdie vraag aan kinders tussen die ouderdom van 4 en 8 gevra is, het hulle o.a. geantwoord:
**Rebecca, 8**: "When my grandmother got arthritis, she couldn't bend over and paint her toenails anymore. So my grandfather does it for her all the time, even when his hands got arthritis, too. That's love."
**Nikka, 6**: "If you want to learn to love better, you should start with a friend who you hate."
**Tommy, 6**: "Love is like a little old woman and a little old man who are still friends even after they know each other so well."
**Elaine, 5**: "Love is when Mommy gives Daddy the best piece of chicken."
**Lauren, 4:** "I know my older sister loves me because she gives me all her old clothes and has to go out and buy new ones."

**Wat is dan nuut?**
Jesus: *"Ek gee julle 'n nuwe gebod…"* (:34)
Lev 19:18 (3 000jr vantevore) *"…jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

**Goue reël:** Doen aan ander soos wat *jy wil hê* hulle aan jou moet doen.
**Platinum reël**: wanneer jy aan ander doen *wat hulle wil hê* jy aan hulle moet doen.
**Titanium reël**: Jy moet jou naaste liefhê soos Jesus hulle liefgehad het!

**DIS wat nuut is** – dat ons sal liefhê SOOS JESUS. Dit het dus met die KWALITEIT van die liefde te doen. (Verduidelik vir die kinders dat Goud baie werd is, maar dat Platinum meer werd is. Titanium is egter die duurste!)

**HOE het Jesus liefgehad**? Lees 13:1 …*"tot die uiterste toe":* Voete (!) gewas; kruis (!) gesterf. Selfs nadat die skare hom gespot en gespoeg het en geskreeu het "kruisig hom", kon Jesus nog steeds uitroep: *"Vader, vergewe hulle (nie VERGELD hulle nie), want hulle weet nie wat hulle doen nie."* Vergl. Wraakpsalms; Fil 2.

**Liefde wat oor alle grense opoffer het inderdaad die vroeë kerk gekenmerk**. Die **kerkvader Siprianus** het sy volgelinge in Kartago aangemoedig om *genade en barmhartigheid* te betoon. Volgens Siprianus is daar *niks spesiaals* daaraan om jou eie mense lief te hê nie. Wie die kwaad met die goeie wil oorwin, moet leer om – soos God – dié soort liefde te beoefen wat jou *vyande* insluit (*Nikka!*). Dit het die eerste Christene inderdaad gedoen, onder andere **tydens die plae** wat die Romeinse Ryk getref het.
Die **sosioloog Rodney Stark** vertel[1] van twee ernstige hoogs aansteeklike plae wat die Romeinse Ryk onderskeidelik in 165 n.C. en 251 n.C. getref het. Elke keer het ongeveer een-derde van die Ryk se inwoners omgekom. Die praktyk van Romeine was om hul siekes op straat uit te sit, om die risiko van aansteeklikheid te verminder. Diegene wat dit enigsins kon bekostig, het die berge in gevlug om aan die plae te ontkom. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die **beroemde medikus Galen** wat iewers in

[1] Rodney Stark 1997, The Rise of Christianity, Harper-Collins.

Klein-Asië in afsondering gaan leef het tot die bedreiging van die plaag verby was. **Dionysius, biskop van Aleksandrië** skryf dat die Romeine hul *dooies soos vullis* behandel het om die siekte te vermy.
Stark wys daarop dat **die Christene se reaksie anders** was. Dit is goed gedokumenteer dat Christene hul *siekes bly versorg* het, in die aangesig van die dood. Hulle het selfs agtergelate, verwerpte *Romeine* op straat opgetel, ingeneem, en hulle versorg. Dit het tot baie Christene se *dood gelei*, maar – om weer biskop Dionysius van Aleksandrië aan te haal – hulle het *met vreugde* die leed van ander gedra, hulle versorg en gemaklik gemaak, al het dit hul eie dood gekos.
Die historiese gegewens dui duidelik daarop, sê Stark, dat toe die Nuwe Testament nog nuut was, Christene werklik Jesus se woorde uitgeleef het:

> Want Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet; ek was dors, en julle het my iets gegee om te drink; ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk en julle het My besoek. ... Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen... (Mat 25:35-40).

Die Christelike geloof het **'n totale nuwe konsep** in die Romeinse wêreld ingedra, skryf Stark. Vir die eerste keer het dit duidelik geword dat mense *nie bloot uit eie belang of uit eie voordeel* kan of hoef op te tree nie.
Hierdie soort liefde is **nie maklik** nie. Eintlik is dit nie menslik volhoubaar of selfs moontlik nie!

**<u>Die liefde is 'n opdrag en 'n gawe</u>**
Wanneer mens die opdrag tot liefde hoor, kan jy dit maklik as **harde gebod** hoor, asof jy die energie moet opwek om die gebod uit te voer. Skrifverklaarders wys daarop dat ons hierdie opdrag ook as 'n **belofte** moet hoor. Jesus, wat Homself uit liefde vir ons oorgee, werk deur sy Gees in ons om in dade van liefde te leef. **Hy skenk die liefde** as gawe: Rom 5:5: *"...God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."* In onsself is ons *bankrot*, maar Hy gee ons die nodige **liefdeskapitaal**!

**<u>Dit is Christene se uitkenningsteken of identiteit</u>.**
**Hoe identifiseer 'n mens 'n christen? Waaraan herken jy hom/haar?**
**Timothy Kennedy** vertel hoe hy met 'n bus deur Israel getoer het. Op een deel van die reis, het die busbestuurder 'n groot wit bord by die passasiers kant van die voorruit gesit. Aangesien dit in Arabies was, het hy vir die gids gevra om dit te vertaal. Die woorde op die wit bord was: *"Hierdie is 'n Arabiese bus, dit behoort aan en word bedryf deur Arabiere. Moet asb nie klippe gooi nie."*
Toe hulle egter naby Tel Aviv kom, het die busbestuurder 'n ander bord agter sy sitplek uitgehaal en die bord daarmee vervang. Aangesien dit in Hebreeus was, het Kennedy weer die gids gevra om dit vertaal. Daarop het gestaan: "*Hierdie is 'n Joodse bus, dit behoort aan en word bedryf deur Jode. Moet asb nie klippe gooi nie."*

**Wat is die verskil** tussen 'n Arabiese en Joodse bus? 'n Groot plastiese bord in die voorruit! *Hoe identifiseer 'n mens 'n Christen*? Miskien moet ons sulke groot tekens dra! (Groot blink kruis om ons nek …!)

**Maar Jesus het 'n ander voorstel**… Jesus het sy dissipels aangemoedig om mekaar lief te hê sodat *"almal sal weet julle is My dissipels."*

Iemand in Amerika **(Kinnaman)** het 'n studie gemaak oor wat mense tussen 16 en 29 jr oud wat nie Christene is nie, van Christene dink.

According to Kinnaman's study, here are the percentages of people outside the church who think that the following words describe present-day Christianity:
* antihomosexual 91%
* judgmental 87%
* hypocritical 85%
* old-fashioned 78%
* too political 75%
* out of touch with reality 72%
* insensitive to others 70%
* boring 68%

It would be hard to overestimate, says Kinnaman, "how firmly people reject — and feel rejected by — Christians". Or think about it this way, he suggests: "When you introduce yourself as a Christian to a friend, neighbor, or business associate who is an outsider, you might as well have it tattooed on your arm: antihomosexual, gay-hater, homophobic. I doubt you think of yourself in these terms, but that's what outsiders think of you".

Ek weet nie hoeveel hiervan **in SA die geval** is nie. Maar dit laat 'n mens dink. (motoronderhandelings). Mag baie van die besoekers aan die wêreldbeker sokkertoernooi met 'n positiewe beeld van Christene hiervandaan terugkeer omdat hulle die Jesusliefde by ons gesien en ervaar het! (Gebedsbyeenkoms & Beertjiefees – twee insidente).

**Jesus:** *"Almal sal weet."* Ons liefde is bedoel om deur die buitestaanders gesien te word. Ons liefde is ons **publieke getuienis** as gemeente van die Here. Ons word juis aan ons liefde geken.
Kom ons keer vir 'n oomblik terug na die verhaal wat Rodney Stark oor **die groei van die vroeë Christelike kerk in die Romeinse Ryk** vertel. Juis deur die kragtige getuienis van liefdevolle versorging teenoor ander tydens die verskriklike plae het die Christelike geloof veld gewen. Hoewel baie gesterf het, het die "gewone" versorging, soos voeding, die gee van water, die afspons van siekes om hul koors te breek, baie lewens gered. Om hierdie rede **het meer Christene oorleef**. Dink net hoe het 'n nie-gelowige Romein, wie se lewe deur Christene gered is, op hierdie liefde gereageer? Die verhoudinge wat deur die selfopofferende liefde geskep is, het tot gevolg gehad dat **baie Romeine besluit het om Jesus te volg**.

'n Eeu later, in 362 n.C., kla **keiser Julianus** teenoor die heidense hoëpriester in Galasië. Hy spoor die heidense priester aan om oor te gaan tot versorgingsdade wat die liefdesbetoon van die Christene sal oortref. Hy praat minagtend van Christene, maar sê dat hulle versorging van vreemdelinge en buitestaanders veroorsaak dat hulle **getalle groei**. Die Christene beskaam die Romeine want hulle gee om vir die armes – nie net hulle eie armes nie, maar ook "ons s'n", sê die keiser. Dan waarsku hy dat daar nog 'n dag sal kom dat die Christene die Romeine sal oortref. Julianus was reg, kort daarna was die Christene die **meerderheid** in die Romeinse Ryk.

Die bekende Switserse teoloog **Karl Barth** is gevra wat die belangrikste **aanknopingspunt** in die gesprek tussen 'n sendeling en 'n ongelowige is. Barth het geantwoord: *"Die belangrikste aanknopingspunt is **die persoon van die sendeling**. Dit is nie wat jy sê wat die meeste punte tel nie, maar wat jy is."* Kom ons onthou dit ook waar ons werk. Dit is vandag

**Arbeidsondag**

Iemand stel die vraag: Wanneer word ons arbeid **liefdesdiens** aan die Here en aan mekaar? Hy antwoord:

Wanneer:

- ons dit *van harte vir die Here* doen en ons werk as deel van ons lewensroeping sien;
- ons *'n aangename, regverdige werksomgewing* skep waar dit vir ander mense veilig en opbouend is om saam met ons te werk;
- ons *verantwoordelik en eerlik* werk;
- ons *'n eerlike dag se werk vir 'n eerlike loon* verrig;
- ons die finansiële opbrengs van ons arbeid *verantwoordelik aanwend* – om ons eie afhanklikes en ons medemens te versorg;
- ons *binne ons vermoë leef* en nie oormatige skuld aangaan nie;
- ons in *dankbare erkentlikheid* teenoor God en ons kollegas werk, wat ons in staat stel om lewensmiddele te verdien;
- ons die *vaardighede* wat ons deur ons arbeid bekom óók in diens van ander gebruik sonder om materiële vergoeding daarvoor te verwag.

**Ubi caritas**

U ken die lied: **Ubi caritas**. *Waar daar liefde en deernis is, daar is die Heer*. Eintlik moet dit 'n bietjie anders lui. *Waar die Heer is, daar is liefde en deernis*.

Waar die Heer teenwoordig is, by sy kinders, in sy gemeente, dáár is die liefde. Daar **leef die liefde**. Of moet ons liewer sê, daar leef dit ***voort***. Voort as die liefde van die opgestane Jesus Christus in sy kinders.

Amen

2 Mei 2010